Cobalt Oplossings
Vir Besigheids Eienaars

Sanlam

DIE REG OP 'n JAARLIKSE BONUS

Vraag: Het die werknemer die reg op 'n jaarlikse bonus?

Antwoord: Daar berus geen algemene verpligting op 'n werkgewer om 'n jaarlikse bonus aan werknemers te betaal nie.

Kort verduideliking: Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes van 1997 maak nie vir bonusse voorsiening nie. Indien die werkgewer se besigheid egter val onder 'n bedryf of gebied waar 'n bedingingsraadooreenkoms geld, kan sodanige kollektiewe ooreenkoms 'n bepaling bevat wat die werkgewer verplig om 'n jaarlikse bonus te betaal. 'n Diens-kontrak kan ook 'n bepaling bevat wat na 'n 13de tjek of ander bonus (bv. prestasiebonus of produksiebonus) mag verwys. Die werkgewer kan kontraktueel tot die betaling van sodanige 13de tjek of bonus verbind wees, tensy daar uitdruklik gesê word dat dit aan die werkgewer se diskresie onderhewig is.

'n Meer kontroversiële saak is waar daar geen spesifieke ooreenkoms bestaan dat 'n bonus betaal sal word nie, maar waar dit al die gebruik is om dit wel te doen. Daar kan dan geredeneer word dat werknemers kan aanspraak maak op die reg op sodanige bonus, op grond van die feit dat dit deel van hulle diensvoorwaardes geword het. Die bewyslas sal in sodanige geval op die werknemers rus om te bewys dat hulle sodanige reg bekom het.

Artikel geskryf deur Jan Truter van www.labourwise.co.za